




# IN DIE KLOUE VAN PILLE SE DRAAK

**Hy was 'n man wat skynbaar alles gehad het – maar in die geheim was hy vasgevang in 'n verskriklike verslawing**


Deur **JACQUES MYBURGH** Foto's: **LUBABALO LESOLLE**

HOOFFOTO en HEEL ONDER: Antonio Iozzo het 'n bittere geveg met sy "draak" gevoer en dit oorwin. In sy boek vertel hy op die man af oor sy ontberinge weens sy verslawing aan pynpille.





LINKS en BO: Antonio het met 'n motorfietsongeluk sy rugwerwel ernstig beskadig en daar is sterk pynmedikasie vir hom voorgeskryf.





MET sy gitswart jeans en knopieshemp is hy die moderne grootbaas uitgeknip – stylvol informeel, 'n tikkie grys teen sy slape. Hoof van sy eie makelaarsaak.

So sien sy 500 stuks werknemers hom, dagin en daguit, in die wandelgange en raadsale van sy kantoorgebou wat 11 verdiepings bo die ooste van Johannesburg troon. Suksesvol, skatryk en in beheer.

Maar agter daardie uiterlike beheersdheid was Antonio Iozzo (47) sowat vyf jaar lank in 'n geheime stryd teen verslawing gewikkel. Nie sy kollegas het geweet nie, ook nie sy motorfietsmakkers nie. Selfs sy vrou en kinders wis van niks.

Antonio was 'n volslae dwelmverslaafde. Nie weens kokaïen of ander verbode middels nie. Nee, hy was verslaaf aan voorskrifmedikasie.

"Ek het vir ander mense piekfyn gelyk. Ek kon dit goed wegsteek, maar aan die binnekant wou ek net doodgaan. Ek wou nie by die werk wees nie, ek wou nie mense sien nie. Ek wou nie meer lewe nie," sê Antonio oor sy stryd teen opioïede pynmedikasie.

"Ek het so baie kere probeer om van dit af te kom, maar kon net doodeenvoudig nie . . . Die onttrekkingsimptome was so erg dat ek party dae in hoogsomer onder 'n kombers gelê en bewe het."

Oplaas het hy die stryd gewen. En met sy boek, *Slaying the Dragon*, wil hy ander nou waarsku en help om hul eie drake te verslaan.

"Verslawing diskrimineer nie. Dit ken nie ras nie, dit ken nie klas nie. Of jy nou ryk of arm is, jy kán verslaaf raak. As ek met my boek net een mens kan help, het ek my doel bereik."

DIE visse in die akwarium in sy kantoor sorg vir 'n byna hipnotiese kleurespel. Buite die groot glasvensters strek die boomryke Bedfordview met sy spoghuise.

By die groot konferensietafel sluk Antonio aan sy koffie voor hy verder vertel: "My verslawing het my amper doodgemaak en niemand het dit geweet nie. Ek het nêrens hulp gekry nie. Dokters kon my nie help nie. Rehabilitasieklinieke ook nie."

Dit was 2018 toe Antonio in die kloue van die draak – soos hy sy verslawing noem – beland het. Amateurmotorfietswedrenne was sy jarelange stokperdjie, en dié dag sou hy op Killarney in Kaapstad deelneem. "Ek's mal oor spoed, oor die vryheid wat 'n motorfiets jou gee."

Voor die ren het hy 'n paar keer om die baan gejaag om dit te leer ken. "Maar ek het vooraf 'n gevoel gekry iets is nie pluis nie. Ek kon die gevoel nie afskud nie."

Toe breek die laaste opwarmrondte aan. "Ek het een van my vriende gevra om saam met my te ry. Hy was voor my, en ek het meer vet gegee om op te vang. Om een van die draaie het ek besef ek gaan nie betyds gerem kry nie. En toe gly die motorfiets onder my uit."

Antonio is met geweld teen die veiligheidsversperring vasgegooi en toe tref sy swaar Ducati-superfiets hom in die rug.

Hy's hospitaal toe gehaas, waar hy moes hoor hy het vier gebreekte ribbes en 'n beskadigde rugwerwel. Die volgende dag was hy op die operasietafel.

"Ná die operasie het hulle my ontslaan en vir my 10 boksies pynmedikasie gegee, saam met nog 'n voorskrif. Ek het nie die medikasie geken nie."

Hy sê niemand het hom gewaarsku hoe verslawend dit kan wees nie. "Ek sou eers later, danksy my eie navorsing, uitvind dit bevat 'n hoogs verslawende opioïed."

Hy het die voorgeskrewe dosis – "een pil elke vier uur" – geneem, en 'n paar maande later was hy weer op die been. "Die lewe het na normaal teruggekeer. Ek het selfs weer gimnasium toe gegaan."

Toe, drie maande ná die operasie, raak die pille op. En die eerste dag daarsonder begin sy hel. "Ek kon nie sit of lê nie. Dit het gevoel of iemand my martel. Dit het gevoel of my spiere van die been af getrek word. Ek het nie eens toe geweet ek ervaar onttrekkingsimptome nie."

Hy het begin sweet en ontsettend neerslagtig geraak. Al waaraan hy kon dink, was om nog pille te neem. "Ek het my dokter gebel en nog 'n voorskrif gekry. Minute ná die eerste pil het 'n kalmte oor my gekom, 'n soort euforie."

En so, dagin en daguit, het hy die draak gevoed vir daardie kortstondige verligting – tot die volgende keer. "Ek het geweet ek is verslaaf, maar ek wou vir niemand sê nie."

Dit sou vyf jaar neem om die draak te verslaan.

TERWYL ons gesels, wys hy ons sy heiligdom. Elf verdiepings vol kantore, alles syne.

"Dit was 'n bittere lang stryd. Ek het dit so lank weggesteek. My vrou, Nicole, het eers daarvan uitgevind toe ek reeds die draak oorwin het."

Deel van die probleem was die vyf operasies wat hy deur die jare moes ondergaan – elke keer gevolg deur meer van die pynmedikasie. "Ek sou soms sommer 28 pille op een slag drink. Jy wil daai euforiese gevoel kry, jy jaag daai draak."

Teen 2021 het hy besef dit kan nie so aangaan nie. Toe roep hy 35 werknemers bymekaar en vertel hulle hy is verslaaf. "Dit het gevoel of 'n groot las van my skouers af kom. Ek het nie meer met hierdie donker geheim rondgeloop nie."

Die stryd was nog nie gewonne nie. Hy het sy dosisse verklein, maar onmiddellik weer onttrekkingsimptome gekry. "Ek het onuitspreekbare angs begin beleef en sou die horlosie dophou, vier uur lank, tot ek die volgende pil kon drink."

Uit desperaatheid het hy sy huisdokter gaan sien, en dié het hom na 'n psigiater verwys. "Toe ek haar gaan sien, het dit vir die eerste keer gevoel asof iemand na my luister. Sy het 'n plakker voorgestel wat dieselfde middels as die opioïede bevat."

Die idee was dat hulle die dosis sou verminder en dat dit hom geleidelik van die verslawende middel sou speen.

Hy het die plakker 'n volle 14 maande gebruik. "Eers die 20 mg-plakkers, later 15 mg. Tot ek die plakkers kon opsny in deeltjies van net 0,5 mg."

Tot hy dit eindelik nie meer nodig gehad het nie.

Hy sal 18 Mei 2023 altyd vier, want dit was die dag van sy laaste plakker.

"Dit het soos 'n baie groot oorwinning gevoel, want kenners het vir my gesê dit sou onmoontlik wees om van my verslawing ontslae te raak."

Maar nou weet hy verslawing kán oorkom word.

Sy verhouding met sy vrou en hulle kinders, Dino (23) en Gabby (19), is weer so oop en eerlik soos dit hoort. Wanneer hy kollegas vertel dit gaan goed, bedoel hy dit. Sy onderneming floreer en hy het selfs op die boonste verdieping 'n deftige restaurant geopen.

Ja, sy sakesukses gee hom groot bevrediging. "Maar om die draak te tem was een van die grootste prestasies van my lewe." ❑

● ***Slaying the Dragon: A South African Billionaire's Battle to Conquer Opiod Addiction*, uitgegee deur Melinda Ferguson Books, is nou te kry teen R290.**





LINKS: Hy was nog altyd mal oor spoed. BO: Sy vrou, Nicole, en hulle dogter, Gabby, het nie van sy stryd geweet nie.



Antonio oefen deesdae sewe dae per week en sien twee keer per week 'n fisioterapeut.

## OPIOÏEDVERSLAWING

Opioïedgebruik kan wel tot verslawing lei. Dit veroorsaak die vrystelling van endorfiene, 'n chemiese bestanddeel in jou brein wat jou gelukkig laat voel. Die pil wat Antonio gebruik het, word gewoonlik voorgeskryf vir mense wat in erge pyn verkeer en die dosis word streng deur dokters gereguleer. In die meeste gevalle sal gebruikers nie verslaaf raak as hulle by die korrekte dosis hou en net hulle kursus voltooi nie. – BRON: THE MAYO CLINIC

VERSKAF; INSTAGRAM/@ANTONIOIOZZO_OFFICIAL